

AANHANGSEL C

VROEË GEVALLE-ASSESSERING

Die VGA-proses word geloods deur **onafgehandelde-gevalle-bestuur** toe te pas met behulp van 'n span wat uit al die betrokkenes saamgestel is.

Die oogmerk met onafgehandelde-gevalle-bestuur is om te bepaal wat die beste bestuurstrategie vir 'n bepaalde werknemer se gesondheidstatus en posvereistes sou wees. Intervensies sluit die volgende in sonder om daartoe beperk te wees:

- Die werknemer keer terug werk toe nadat siekverlof geneem is, of 'n tussentydse werkprogram word ingestel, of 'n kombinasie van die twee opsies (sover akkommodering redelikerwys moontlik is).
- Die werknemer se funksionele vermoëns word geassesseer (waar aangedui). 'n Onafhanklike arbeidsterapeut kan die werkplek vir hierdie doel besoek.
- Beroepsassesserings kan gedoen word van werknemers wat nie na hulle voormalige pos kan terugkeer nie.
- Die werknemer se siekverlofstatus kan hersien word.
- 'n Skedule van verslagdoening en kommunikasie kan gevolg word.
- Opvolgwerk en monitering volgens 'n skedule kan ingestel word.
- Die proses moet volgens 'n vaste tydraamwerk bedryf word (veral wat redelike akkommodering betref).

Ongeskiktheidsondersoek deur die versekeringsmaatskappy

Die oogmerk met hierdie ondersoek is om 'n werknemer se ongeschiktheid te assesser en sodoende die volgende te beskou en te assesser:

- die standaard waaraan die werknemer se prestasie moet voldoen;
- of die werknemer in staat is om sy of haar pligte te vervul;
- of die werknemer voldoende bystand in die vorm van aanpassings by die werkplek ontvang het; en
- of dit moontlik sou wees om die werknemer se ongeschiktheid te akkommodeer.